

CANONGATE KIRK

THE KIRK OF HOLYROOD HOUSE



AFRIKAANS

Moet asseblief ni hierdie blaadje verwyder nie

1. Gedurende sy lang geskiedenis, was die kerk van Canongate in twee geboue: die eerste was by die Klooster van die Holy Rood (1128) waarvan die ruines nou langs die Paleis van Holyroodhouse lê; en die tweede hier in die hartjie van Canongate.
In 1688 het Koning James VII (James II van England) die Kloosterkerk oorgeneem en gebruik as die Kapel van die Orde van die Distel en aangebied om hierdie een in sy plek te bou. Dit het ongeveer eenduisend negehonderd pond gekos, betaal uit 'n fonds wat aan die koningshuis nagelaat is deur 'n ryk handelaar, Thomas Moodie, wie sie familiewapen bokant die ingang van die kerk hang.
Die gebou is in 1690 voltooi, nadat Koning James VII reeds afstand gedoen het van die troon: die sleutels is toe afgelewer aan die predikant van Canongate in 1691. Die Koninklike Wapenskild, ook te sien bokant die ingang, is die van Koning James, tesame met die skild van Nassau wat in die middel geplaas is. Dit saam vorm die Wapen van Koning William, wat hulle verower het.
2. Die kerk het 'n koninklike ontstaan gehad. Koning David I het alleen in die woud gery, naby die huidige terrein van Holyroodhouse, toe hy deur 'n wit takbok aangeval en van sy perd afgeruk is, wat hom met sy horig wou deurboor. Skielik egter het 'n visioen van die Heilige Kruis tussen die takbok se horings verskyn. Die Koning is hierdeur bemoedig en die takbok het op die vlug geslaan. Uit dankbaarheid vir sy bevryding het hy in 1128 die Klooster ter ere van die Heilige Kruis, die Maagd en Allen Heiliges, gestig. Die Kloosterkerk het diens gedoen beide as gemeentekerk vir die mense van Canongate asook as die Koninklike Kapel waar baie van die heersers van Skotland gedoop, getroud, gekroon en begrawe is. Die laaste koning wat daar gekroon is, was Charles I in 1633. Tydens die Hervorming in 1560 het die kerk bekend gestaan as die Kerk van Holyroodhouse (die Gemeente van Canongate) en die mense van Canongate het voortgegaan om daar te aanbid tot 1688.
3. Die legende van Koning David en die wit takbok is regdeur die gebou uitgebeeld, waarnaembaar in die sybeuk van Koning David: eerstens in die skildery van Stanley Cursiter RSA; en tweedens op die Nagmaaltafel se voorste versierde panel wat ontwerp, gemodelleer en uitgebeeld is deur toegewyde lidmate van die gemeente. Die storie is ook uitgebeeld buitekant die kerk teen die spitspunt van die voorste muur met 'n takbok se vergulde kop en horings, geskenk deur Koning George VI.
4. Die vloer van die apsis (uitgeboude deel van die koor) dra die name en datums van die predikante van Canongate sedert die Hervorming in 1560. Die bediening van twee van die predikante, Eerwaarde Thomas White en Hoogerwaarde Ronald Selby Wright (wat alombekend was as die Radio Kapelaan - gedurende die Tweede Wereldoorlog), het oor byna negentig jaar gestrek.
5. Links van die apsis is die Gedenkkapel wat in 1951 deur die Goewerneur van Edinburgh Kasteel ingehuldig is en opgedra is ter nagedagtenis aan 40 seuns van Canongate wat hulle lewe opgeoffer het in die 1939-45 oorlog. Die klein glaskissie aan die westekant van die Tafel is die gedenkstuk van die Dunkirk Veretane Assosiasie en bevat sand van die strande van Dunkirk. Die Ererol van die 603 (Stad van Edinburgh) eskader, is deur Haar Koninklike Majesteit, die Koningin in 1989 onthul. Die standbeeld van *Christus Victor* is deur Josephina de Vasconcellos gemaak.

6. Die Paleis van Holyroodhouse en die Kasteel van Edinburgh is steeds in die Gemeente van Canongate en het banke aan beide kante van die middelpaadjie van die kerk op die kante waarvan daar bypassende familiewapen is.
7. Canongate word herken as die Militere Kerk van Skotland se Hoofstad. Bokant die middeskip hang die 'Old Colours' van die 1ste Bataljon, die Koning se eie Skotse Grenswag, aangebring in 1976 in die teenwoordigheid van die Opperkolonel, Haar Koninklike Hoogheid, Prinses Alice.
In 1983 op die 350ste herdenking van die ontstaan van die Regiment, het die Koninklike Skotte (die koninklike Regiment) Canongate as hulle Regimentkerk aangeneem, soos aangedui op 'n gedenkplaat teen die muur langs die preekstoel. Die preekstoel het aan die beroemde prediker Dr Thomas Chalmers behoort en is hierheen verskuif van Chalmers Kerk naby die aansluiting van die West Port en die Grassmarket toe dit in 1949 gesluit is.
8. Historiese verbintnisse met die kunstgilde, wat eens in die 'Old Burgh of Canongate' geblom het, word deur die embleme op die voorkant die galery in herinnering geroep.
9. Aansienlike veranderinge is aan die binnekant aangebring na die Tweede Wereldoorlog. Twee groot negentiende eeuse toevoegings tot die kerk is verwyder: die muur wat die middeskip van die apsis geskie het; en die sy galerye. Terselfdertyd is nuwe toebehore aangebring. In besonder die banke in die apsis, die Koninklike Hoebank die Goeweneur se Hoebank en die Koorbanke.
10. Verdere omvangryke werk binne en buite, insluitende die restourasie van die 1817 plafon is in 1991 voltooi om die gebou te restoureer en te bewaar en om sy 300ste verjaardag te herdenk. Die fondse hiervoor het nie net van die gemeente gekom nie maar ook van alle sektore van die gemeenskap, insluitende ruim ondersteuning van elke volwasse lid van die Koninklike familie.
11. In 1994 is daar begin met 'n tapeserie-projek ter nagedagtenis van hulle wat gedurende die Slag van Normandie op 6 Junie 1944 gesneuwel het. Die tapeserie is beplan om die sitplekke van di apsis oor te trek op so 'n wyse dat dit die aandag moes vestig op die Kruis, wat die fokuspunt is onder die groot helder venster van die apsis. Dit is ontwerp deur Hannah Frew Paterson MBE van Glasgow en deur 'n span van 23 versierders gedoen. Die koste daarvan is gedra deur die Normandiese Veterane Assosiasie, *Fife, Lothians and Borders No. 34 Branch* en deur lidmate en vriende van Canongate gemeente.
12. Die orrel in die gallery is ontwerp en gebou deur Th. Frobenius of Kopenhagen, Denemarke. Dit is ter nagedagtenis aan Hoogerwaarde Ronald Selby Wright CVO, TD, DD, FRSE, wat van 1937 tot 1977 predikant van Canongate was. Dit het agtien maande geneem om te bou. Dit bestaan uit 'n groot orrel, 'n swelregister en 'n pedaalorrel, altesaam voorsien van twintig sprekende registers. Dit is van di fynste materiaal gebou tot 'n eenvoudige maar pragtige ontwerp, wat die vensters en omsluit en goed aansluit by die argitektuur en toebehore van die gebou. Dit is op Sondag 15 November 1998 tydens 'n spesiale diens ingewy.
13. Die besoekersarea demonstreer die verbintenis tussen die eerste gebou by Holyrood en die huidige gebou hier in Canongate. Die Afsterwingsbord van 1644 is in 1691 van die ou kerk by Holyrood oorgebring. Die nuutgegraveerde glasportaal by die ingang gedenk die 300 jaar van deurlopende aanbidding in die plek (1661-1991).
14. Hierdie kerk is argitektonies uniek in Skotland. 'n Vollediger beskrywing daarvan en 'n skets van sy geskiedenis is te vind in die Gids wat te koop is in die voorportaal. 'n Gids na die begraafplaas is ook beskikbaar.

*'n Gesinsdiens word gehou elke Sondag om 10 vm
Gemeente-Aanbidding volg om 11.15 vm
Alle Besoekers is altyd baie welkom*

*Die Sakrament van die Heilige Nagmaal word gevier by die Diens van Gemeente-Aanbidding
tydens Paasfees, Pinkster, Christen Heiliges Dag (1 November), Kersfees
en op die laaste Sondag van elke maand.*